IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA A341/2005

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Datum: 14/3/2005

NIE RAPPORTEERBAAR

Hooggeregshofverwys No.: 162

Landdros se reeksnommer: 2/2005

Saaknommer: A1107/2004

Landdros

PIET RETIEF

DIE STAAT V MARIETTE ELIZABETH UYS

HERSIENINGSUITSPRAAK

SOUTHWOOD R

Die beskuldigde is op 1 Desember 2004 in die landdroshof te Piet Retief skuldig bevind aan opsetlike saakbeskadiging en gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan opsetlike saakbeskadiging gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die beskuldigde het haar eie saak behartig. Sy het skuldig gepleit en is tereg skuldig bevind.

Toe die saak vir hersiening voorgelê is, is 'n navraag na die voorsittende landdros gerig. Hy is versoek om redes vir sy vonnis te verstrek en te verduidelik hoekom 'n voorvonnisverslag nie bekom is nie in die lig van die beskuldigde se sielkundige toestand en die uitwerking van medikasie op haar gedrag.

Die voorsittende landdros is van mening dat die vertraging in die verkryging van die voorvonnisverslag die beskuldigde sou benadeel het. Hy is verder van mening dat daar genoegsame aanduiding was dat beide faktore in ag geneem moes word by vonnisoplegging. Alhoewel ek nie met sy verduideliking saamstem nie is dit nie nodig om daarmee te handel nie. Na my mening moes 'n voorvonnisverslag bekom word. Die voorsittende landdros sê dat die beskuldigde se kennis van die medikasie wat sy gebruik het voldoende was om die hof te oortuig dat sy wel op medikasie was. Gevolglik sê hy dat hy die beskuldigde die voordeel van die twytel gegee het en haar sielkundige toestand en die uitwerking van die gebrek van medikasie op haar gedrag in haar guns in ag geneem het ter versagting van vonnis. Hy verwys na die feit dat hy 'n algehele opgeskorte vonnis opgelê het. Gevolglik vra die voorsittende landdros dat die vonnis bekragtig word.

Die Direkteur van Openbare Vervolgings ondersteun nie die vonnis wat opgelê is nie en met verwysing na S ***v Solana*** **1991 (2) SASV 523 (C)** en S *v*

***Rolef* 1990 (1) SASV 145 (C)** doen die Direkteur aan die hand dat nieteenstaande die beskuldigde se vorige veroordelings die opgeskorte vonnis van twee jaar gevangenisstraf skokkend onvanpas is. Ek stem daarmee saam.

Die volgende bevel word gemaak:

Die skuldigbevinding word bekragtig;

II Die vonnis word ter syde gestel en vervang met die volgende vonnis:

'Agt (8) maande gevangenisstraf in geheel opgeskort vir vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan opsetlike saakbeskadiging gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie en waartoe beskuldigde gevonnis word tot direkte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie'

III Die verklaring dat die beskuldigde onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit word bekragtig.

**B.R. SOUTHWOOD**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

**Ek stem saam**

**R D CLAASSEN**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**